**13 Julie** **Skrifgedeelte: Matteus 10:26-31**
**Fokusgedeelte: Matteus 10:28, 31**

## God alleen het mag oor my lewe

Die moontlikheid van vervolging is 'n realiteit in die Christen se lewe. Die gevolg is dat ons dikwels nie doen wat God wil hê nie, juis omdat ons bang is. Hier lees ons van God se almag om in die oordeel liggaam en siel in die hel te laat vergaan. Is dit nou die Here se doel om ons te dwing om reg op te tree deur ons vrees vir mense te verdring met die nog groter vrees vir die oordeel? Moet my lewe deur vrees gedryf word en my optrede bepaal word deur vir wie ek die bangste is? Daar is ongelukkig baie mense wat vanuit hierdie perspektief lewe. Daar is predikers en ouers wat die gemeente of hulle kinders in die hemel in probeer bang maak.

Die Here se bedoeling is egter om ons te vertroos. Hy leer ons dat sy kinders vir Hom geweldig belangrik en kosbaar is. Hy leer ons dat ons nie vir mense bang hoef te wees nie, juis omdat God magtiger is as mense en sy oordeelswoord die finale woord is. Ons kan daarom getroos lewe te midde van die vervolging van hierdie wêreld, omdat ons weet dat die mag van die mense wat ons soms so bang maak, niks beteken teenoor die almag van God nie. Ons lewens is nie in mense se hande nie, maar in die hand van die almagtige God wat ons sy in liefde en genade vashou, beskerm en dra.

*Sing: Skrifberyming 5-4:3, 4, 5, 6* *Ds. HB Hattingh (Amanzimtoti)*